Nader aan die SA grens

As daar nou een besonderse groep oudstudente is, is dit die Namibiërs en hul alombekende gasvryheid.

Hierdie jaar se Alumni-aktiwiteite het in Windhoek afgeskop en vir 'n meer entoesiastiese groep Oudmaties kon ons nie vra nie. Vir een aand was Windhoek omgekeer in 'n stukkie Stellenbosch waar die woorde tot ver na middernag gevloei het.

Ek en my kollegas, Sidney van Heerden en prof Walter Claassen, wat as geleentheidspreker opgetree het, het eerstehandse ondervinding opgedoen van die hartelikheid wat blykbaar sinoniem met die Namibiërs is. Van die meer as 230 gaste, het Alumni sover as Swakopmund en elders in Namibië gereis om die geleentheid by te woon. Ons hoop om 'n aktiewe skakelkomitee op die been te bring sodat 'n opvolggeleentheid nie te ver in die toekoms sal plaasvind nie. Dalk is die Namibwoestyn net die regte plek en kan die Matiesveldryklub dan by ons aansluit! Soos met elke ander Oudmatie-geselligheid in die buiteland is die boodskap duidelik; "Ons is gelukkig waar ons is, maar Matieland is nie vergete.."

Besoek www.matiesalumni.net Kliek op "gebeure" om meer van die beplande Alumni-funksies in die binneland en elders te lees.

Lente in die **Boland** vir Oudmaties **doer onder**

HeidiOctober

Net buitekant Auckland in die Mangatawhirivallei, gaan haal 'n Oudmatie haar Koos Kombuis CD in die kar. Toé is dié Oudmatie-funksie regtig op dreef met almal wat saam met Koos sing -"dis lente in die boland…" Oud, jonk en vanuit uiteenlopende belangstellingsvelde, het opnuut weer na Stellenbosch terug verlang.

En dis hoe die meeste reünies in Perth, Melbourne, Sydney, Auckland en Christchurch sommer van die staanspoor af 'n sukses was. Oudmaties Doer Onder wéét hoe om reünie te hou!

In teenstelling met baie mense wat reken dat reünies vermy moet word omdat jy nooit iemand ken of iets gemeen het met die res, was dit nie die geval by dié Oudmaties. Goeie Bolandse wyn en die talle onthou-jy-nog stories van hul eie studentedae op Stellenbosch help natuurlik baie in so 'n situasie. En ja, hulle erken selfs dat dit nogal moeilik kan raak om "Bôkke" te skree in 'n kroeg vol Kiwis!

Maar moenie vir een oomblik glo Oudmaties het van hul Matie-status vergeet die oomblik toe hulle voet op vreemde bodem gesit het nie. O nee. By elke stad is ek oorval met gevoelens van nostalgie, gepeper met vrae oor Matieland en alles wat hier aan't gebeure is, en terug SA toe gestuur met hordes versoeke vir opvolgbesoeke.

Vrae oor Matieland was daar baie. *Wat gaan aan op die kampus? Hoe pas ek in by die visie van die US?* En ook *Hoekom maak julle soveel moeite om ons oral in die wêreld te kom opspoor?*

Van die Alumni-kantoor se kant af is die antwoord eenvoudig. Alumni en hul suksesse bepaal indirek die sukses van 'n instelling en daarom bly alumni een van die belangrikste rolspelers in die toekoms van enige universiteit en die realisering van sy visie. Dit sluit alle alumni in die binne- en buiteland in. Daarom beskou die Alumni-kantoor dit as 'n voorreg om by sy Oudmaties uit te kom.

Oudmatie sukses in die buiteland

Dit was verblydend om te sien hoe suksesvol en met hoeveel gemak ons oudstudente hul plek volstaan in die internasionale arena. Geleenthede soos dié het Suid-Afrikaners - wat in dieselfde stad bly en nie van mekaar geweet het nie - ook bymekaar uitgebring. Dit was die ideale geleenthede om netwerke te bou en besighede te bemark. Soos een Oudmatie grappenderwys gesê het, "ek soek al lank na 'n Suid-Afrikaanse dokter wat in een konsultasie sommer na die hele huisgesin se skete kan luister…met geduld en met een konsultasiefooi!". Daar was selfs alumni wie hul dienste gratis aangebied het, sou daar ooit nog Oudmaties na díe stede emigreer en sukkel om hul voete te vind.

Ook verblydend, is alumni se belangstelling om by die mentorprogramme, as alternatief vir finansiële steun, betrokke te raak. So kan hulle hul kennis met huidige Maties deel en hulle help om ondervinding in hul veld op te doen.

Vir navrae, kontak Heidi by (021) 808 2948 of hoctober@sun.ac.za

Oudmaties doen sterrekyk-kursus

'n Groep Oudmaties het in April op die plaas Banksgate in die Nuweveldberge tussen Merweville en Sutherland gaan veldry en 'n sterrekyk-kursus gedoen. Die weer het nie heeltemal saamgespeel nie, maar dit was weereens 'n fantastiese ervaring.

Foto: Die naweek is afgesluit by die Sterrewag op Sutherland waar Willie Koortz die groep agter die "skerms" ingeneem het vir 'n baie interessante kykie op die tegnologie wat Suid-Afrika onder die voorstes in die wereld plaas.

■ Kry die Veldryklub se besonderhede op bl 6

So kuier ons downunder

Auckland 2

Agter: Fritz Retief, Gary Osborne, Annelie Sauermann-Osborne, Cathy & Johan van der Vyver, Robert Rorich, Alistaire Lloyd, Duncan Jacobs
Middel: Margaret Retief, Thea Lloyd, Therese Bosman, Corinne Johnson, Carine Visser, Glenda Jacobs, Heidi October (US)
Voor: Etiene Johnson, Oloff Visser, Bossie Bosman

Auckland 1

Agter: Hannes & Lyzanne du Plessis, Esté Burnett, Ronelle & Lapa Laubscher, Kobus van Heerden, De Wet van Riet, Dennis Schionning, Andri van Blerk, Annamari Fuls, Dennis Biaggi, Burger van der Merwe,
2e ry van agter: Frances Burnett, Moira Schionning, Pam Irwin, Petro van Blerk, Wilna Flemming, Heidi October (US)
Op hurke: Deon Stoltz, Natalie Rooseboom, Annette van Heerden, Gail Vermeulen, Judy Horner, William Irwin
Voor sit: Alet Stoltz, Herman Rooseboom, Annelie Erasmus, Vernon Vermeulen, Riaan Geldenhuys
Heel voor sit: Terrance & Helna Upfold

Christchurch

Agter: Riana Schoeman, Rian van der Colff, Martin & Debbie Swan, Jaco Swart, Johan & Fiona Vlok, Tom Cronjé, Loraine van der Colff, Hilda Bester, Heste Henning, Stephanus Schoeman, Marietjie Benjamin, Alexandra Cronje, Anne & Mike Schlumpf, Salumé van Metzinger, Mariné Swart, Willem van Metzinger, Jiljane Delaney, Geoff Steyn
Voor: Lesley & Zefanja Potgieter, Colleen Steyn, Heidi October (US)

Melbourne

Agter: Johann & Mariette le Roux, Diettlind Schutte, Ian Knoetzen
Middel: Richard & Elna Ross, Tertia Watson, Elza Marais-Strydom, Thea Jonker, Pauline Knoetzen, Dirna & Rudolph Vogt, Rion van Zyl Smit, Reinier & René Laan, Heidi October (US)
Voor: Duncan Watson, Marius Jonker, AJ & Marcelle Coetzee

Perth

Vlnr: Heidi October (US), Donald & Nankie Ackermann, Paul & Faith Jacobsz, Sumari & Daniel Stolp, Barbara & André Morkel, Loura & Johan Combrinck, Hannes Schoombee, Horatius Wilhelmij

Sydney

Agter: John van der Merwe, Louis Fortmann, Rebecca Davies
Middel: Greta Fortmann, Bernard Pienaar, Zanette Pienaar, Jacques Mouton, Marlize Mouton, Eduan Goosen, Martin & Marilu Luitingh, Annelie van Schalkwyk, Nick Kuys, Jacques van Schalkwyk, Ewan Sprong, Tanya Buhrmann, Imke Herholdt, Manie van Rooyen, Jaco Vosloo, Roelof van der Merwe, Amanda Chaplin, Yongmei Tang, Marcell van Rooyen
Voor: Linda Gerryts, Ina van der Merwe, Heidi October (US)